

**Maandag 20 November**

**Skrifgedeelte: Lukas 14:7-15; Johannes 16:8 (1933/53-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Lukas 14:7-15**

**Die Gees wat sondebef werk, laat ons die Gasheer raaksien en sy opdrag  
gehoorsaam**

Die sentrale tema in hoofstukke 14 en 15 is die feesmaal in die koninkryk van die hemele. Jesus rig Hom in verse 7 tot 15 tot die gaste en sy gasheer. Wat het hulle in gemeen? Die gasheer was 'n owerste van die Fariseërs ... en die gaste was diegene wat volgens die Fariseërs waardig geag is om saam met hom aan tafel te sit. Beide gasheer en gaste was hoogmoedig, selfversekerd dat hulle rein en waardig is om eenmaal by die feesmaal van die koninkryk van die hemele te mag aansit.

In hierdie hoogmoed en eiegeregtigheid het hulle die voorste gestoeltes uitgesoek en nie gemeng met diegene wat (volgens hulle) ooglopend “onrein” en met sondes besmet was nie.

In hierdie hoogmoed en gebrek aan sondebef kyk hulle JESUS mis! Die vernaamste Gas aan tafel! Die Seun van God, die Woord wat vlees geword het, die Brood van die lewe, wat vir onreines, vir sondaars die koninkryk van die hemele kom oopsluit het.

Sy Heilige Gees oortuig van sonde (Joh. 16:8) en laat ons in die geloof Hom raaksien wat toegang verleen om te mag aansit aan die bruilofsmaal van die Lam!

Wie deur dié Gasheer genooi is, word uitgestuur met 'n opdrag: Nooi soos God! Nooi armes, siekes, blindes, wat volgens Ou-Testamentiese wet nie geskik was vir gemeenskap met God nie, nooi hulle en vind aansporing in hierdie reël van die koninkryk: “... elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en wat homself verneder, sal verhoog word.”

*Sing: Psalm 22:11, 12 (1936)*

*Ds. SJMS (Faan) Smit (Heidelberg)*